## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

VLAK 5 WATERBEPERKINGS \ LEVEL 5 WATER RESTRICTIONS \ INQUBO 5 UKUTSHATHWA KWAMANZI



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 12 DESEMBER 2017 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JJ Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste - waarnemend |
| Mnr. DJ Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. Z Julius | : | Assistent: Interne Ouditeur |
| Mnr. D Alberts | : | Hoof: Rampbestuur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitee Dienste |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN001/12/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Uitvoerende Burgemeester vra verskoning dat die vergadering laat begin het, omrede hy 'n gesprek gevoer het met Direksie voor die aanvang van die vergadering.

Raadslid du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

Die Voorsitter bied die geleentheid aan Raadslid du Plooy om 'n spesiale woord van verwelkoming te rig aan Mnr. C Cronje vanaf Die Courant, Mnr. C du Plessis van "Greater Cederberg Fire" en Mnr. G van der Westhuizen van Weskus Distriksmunisipaliteit.

***

**BKN002/12/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Tegniese Dienste – vader in hospitaal opgeneem
Interne Ouditeur – kraamverlof

***

**BKN003/12/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/12/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 28 NOVEMBER 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 28 November 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (S WILLEMSE)***

***

**BKN005/12/2017**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/12/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die Direkteur Tegniese Dienste se vader tans siek is en in 'n hospitaal opgeneem is; en
- Sy bedank die Raad vir die begroting wat toegestaan is vir die 2017 jaareindfunksie van Bergrivier Munisipaliteit wat plaasgevind het op Vrydag 8 Desember 2017.

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Hy bedank die Munisipale Bestuurder, Direksie en die reëlingskomitee vir die goeie organisering van die 2017 jaareindfunksie wat gehou is op Vrydag 08 Desember 2017 in Porterville; en
- Hy doen 'n beroep op elke Direkteur in Bergrivier Munisipaliteit om seker te maak dat alle amptenare wat enigsens kan toekomstige jaareindfunksies sal bywoon.

***

**BKN007/12/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: BEKENDSTELLING VAN DIE BRANDSEISOEN**
**3/3/1/5**
***('n Mondelingse voorlegging word gedoen)***

Raadslid du Plooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Hy meld dat Bergrivier Munisipaliteit groot waarde heg aan hul verhouding met Weskus Distriksmunisipaliteit en "Greater Cederberg Fire" en dat hul poog om dienslewering te vergemaklik en die publiek te beskerm teen brande/brandgevare.

Hy hou die kennisgewingborde en selfoonplakkers voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, waarna hy die Hoof: Rampbestuur bedank vir die wyse waarop hy brande/rampe in Bergrivier Munisipale gebied hanteer.

Ten slotte bedank die Uitvoerende Burgemeester die Hoof: Rampbestuur, Weskus Distriksmunisipaliteit en "Greater Cederberg Fire" vir hul spoedige reaksie tydens die brande wat die afgelope maande plaasgevind het. Hierna poseer hulle vir 'n foto en die afgevaardigdes verlaat die vergadering.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/12/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/12/2017**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN010/12/2017**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Raadslid Wessels lei die item in en hou aanvullende inligting voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ten opsigte van die waterkrisis in Bergrivier Munisipaliteit en die Wes-Kaap.

Die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste vul die Portefeulje Voorsitter: Tegniese Dienste aan ten opsigte van die damvlakke en waterbesparingsyfers in Bergrivier Munisipaliteit.

Die publiek word bedank vir hulle goeie samewerking om reeds 47% water te bespaar.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN011/12/2017**
**DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE**
**2/3**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die delegasies van die Munisipale Bestuurder wat ooreenkomstig wetgewing aan die Munisipale Bestuurder toegeken is;
2. Dat die aangehegte delegasies met ingang van 1 Januarie 2018 goedgekeur word; en
3. Dat elke personeellid aan wie 'n delegasie toegeken word dit skriftelik moet ontvang en aanvaar.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN012/12/2017**
**PROSESPLAN VIR DIE PRAKTIESE REËLINGS VIR DIE IMPLEMENTERING EN OORDRAG VAN FUNKSIES AAN DIREKTORATE**
**2/1**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Op versoek van die Uitvoerende Burgemeester lewer die Direkteur Korporatiewe Dienste kommentaar met betrekking tot die herevalueringsproses van en "Nuwe" en "Major Change" poste asook die finansiële implikasies daarvan, waarna hy die aanbeveling voor hou aan die Komitee, vir oorweging.

Raadslid Wessels bevraagteken die aanhangsel, waarop vorige T-skale aangebring is, vir berekeningdoeleindes van die finansiële implikasie.

Die Direkteur Finansiële Dienste lewer kommentaar en meld dat die T-skale op die aanhangsel waarop die finansiële implikasies bereken is foutief is, soos vervat in Aanhangsel C. Hy bevestig dat die berekeing ten opsigte van die Finansiële implikasie, wel korrek is.

Die Voorsitter reël dat die item terugverwys word.

**BESLUIT**

Dat die T-skale op die Aanhangsel C wat berekeninge bepaal, reggestel word en voorgelê word by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering in Februarie 2018.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (Februarie 2018)***

***

**BKN013/12/2017**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: OCTOBER 2017**
**5/1/B,5/1/1**

The Portfolio Chairperson gave a brief background to the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for October 2017.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**BKN014/12/2017**
**VERKOOP VAN HOSTELLE (12) VELDDRIF**
**17/5/1**

Raadslid Wessels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, waarna verskeie insette en kommentaar deur die Komiteelede gelewer word. Voorts stel hy voor dat die item terugverwys word na die volgende Tegniese Dienste Komiteevergadering.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Tegniese Dienste Komiteevergadering wat gehou sal word op Woensdag 07 Februarie 2018.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (07/02/2018)***

***

**BKN015/12/2017**
**DAKLOSE PERSONE**
**17/5/1**

Raadslid Wessels lei die item in en gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Hy stel voor dat die item terugverwys word, sodat kosmetiese regstellings op die verslag aangebring word vir oorweging by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering.

Die Munisipale Bestuurder meld dat toekennings gemaak word deur haar op aanbeveling van die Hoof: Behuising, nadat dit met Provinsie opgeneem is.

Sy meld dat sy nie 'n probleem het met die beginsel nie, maar versoek dat die aangeleentheid reggestel word met in begrip van die delegasies van die Raad ten opsigte van ons delegasies.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Tegniese Dienste Komiteevergadering wat gehou sal word op Woensdag 07 Februarie 2018.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (07/02/2018)***

***

**BKN016/12/2017**
**AANSTELLING VAN WAARDASIE APPÈLRAAD**
**17/5/1**

Raadsdame Crafford lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

**BESLUIT**

Dat die volgende lede aangestel word deur die LUR vir Plaaslike Regering om te dien op die Waardasie Appèlraad, naamlik:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Eduard Wium Mostert |
| Lede: | Celilia Hall |
| | Anneli Van Zyl |
| | Andries Johannes Titus |

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN017/12/2017**
**STAND VAN OORHANDIGDE DEBITEURE**
**5/1/1**

Raadsdame Crafford lei die item in en gee breedvoerig agtergrond, ter inligting aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag met betrekking tot die stand van oorhandigde debiteure.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN018/12/2017**
**AMENDMENTS TO THE VIREMENT POLICY**
**5/1/1**

Raadslid Wessels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Munisipale Bestuurder neem die Komitee deur die wysigings, waarna etlike wysigings uitgewys word deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Verdere insette deur Raadslede en Amptenare word gelewer.

**DELETIONS / ADDITIONS**

That paragraph 3.4 read as follows:

- ***A Cost Centre is a logical point at which cost (expenditure) is managed by a responsible cost centre owner. A cost centre is identified by the second 3 digits of the ledger account number.***

That paragraph 3.5 read as follows:

- ***Cost items distinguish between different cost sections or categories of expenditure. These are identified by the next digits of the ledger account number.***

That paragraph 7.3 read as follows:

- ***Virements are allowed between asset clases within a vote at the discression of the relevant Director and the Municipal Manager.***

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee approves the amendments to the virement policy.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**BKN019/12/2017**
**EKSTERNE BEURSFONDSBELEID**
**5/1/1**
***(Die Bestuurder: Menslikehulpbrondienste sluit aan by die vergadering om 10:45)***

The Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion.

Councillor van Rooy requested that accommodation fees should be included in the bursary amount in the policy.

Various inputs and comments were made by the Committee members.

***(The Manager: Human Resources left the meeting at 11:00)***

**AMENDMENTS / ADDITIONS**

*That paragraph 5.2 read as follows:*

- ***Students with parents or legal guardians earning a combined monthly income of less than the GAP Housing threshold will receive preference.***

That paragraph 5.1.4 read as follows:

- ***Comply with the entry requirements set by the institution of their choice and have proof of registration or acceptance to said institution.***

That paragraph 5.6 read as follows:

**5.6 Study fees *could* include the following:**

**5.6.1 Registration Fees**
**5.6.2 Class Fees**
**5.6.3 Examination Fees**
**5.6.4 Books and study material**
**5.6.5 Accommodation Fees**

That paragraph 5.7 read as follows:

**5.7 Study Fees will NOT include the following**

**5.7.1 Electronic aids such as personal computers, laptops, notebooks, tablets and cellphones**
**5.7.2 Membership fees of any student body**
**5.7.3 Penalties imposed by the academic institution**
**5.7.4 Travel expenses**
**5.7.5 Subsistence expenses**
**5.7.6 Other general and/or personal expenses**

That ***"Training Section"*** in paragraph 8.2 and 8.5 be replaced with ***"Human Resources Training and Development"***

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Eksterne Beursfondsbeleid goedkeur met bogenoemde regstellings, voor advertering.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN020/12/2017**
**GEWYSIGDE OORTYDBELEID**
**4/5/1**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond, waarna die Direkteur Korporatiewe Dienste die Komitee deur die wysigings neem.

**BESLUIT**

Dat die Konsep Oortydbeleid deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word vir implementering vanaf die eerste dag van die kalendermaand na die datum waarop hierdie konsepbeleid goedgekeur is.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (12/12/2017)***

***

**BKN021/12/2017**
**HOUSE SHOP SURVEY**
**4/5/1**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Voorsitter bedank die betrokke Amptenare vir die goeie verslag en versoek dat indien Wyksraadslede hul vergewis van enige onwettige huiswinkels dit onder die aandag van die betrokke Direkteur bring.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag met betrekking tot die huiswinkelopnames.

***

**BKN022/12/2017**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 25 OKTOBER 2017**
**3/2/1/3**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Bodtoekenningskomitee wat gehou is op Woensdag 25 Oktober 2017.

***

**BKN023/12/2017**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN024/12/2017**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN025/12/2017**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN026/12/2017**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN027/12/2017**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***Namens die Administrasie bedank die Munisipale Bestuurder die Raad vir 'n goeie jaar en wens sy hul 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2018 toe.***

***Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Amptenare vir die hardewerk deur die jaar 2017 en wens almal 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2018 toe.***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:30*

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
25 JAN 2018
MUNICIPALITY MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***